## SAVLU 2027

### FOTOGRAFIE

**"Noir" Fotografie**

**Film/ Foto Noir** beskryf 'n genre of styl van fotografie wat uit die 1940's en 1950's dateer. Dit is afkomstig van noir films uit hierdie era wat meestal misterieus was. Film Noir word gekarakteriseer deur die gebruik van vorms/figure, skaduwees en lig.

**Vereistes:**

- A5-grootte (Grootte: 6" x 8" (152x203 mm)) is naby genoeg aan A5.
- Neem foto vanuit drie verskillende rigtings/hoeke. Daar moet drie foto's wees (eerste keuse gemonteer en ander twee agterop montering).
- Swart en Wit
- Montering: A4. Gebruik harde, stewige monteerbord. (Nie gewone 160g gekleurde karton nie)

**Wenke:**

- Fokuspunt is belangrik maar in Noir fotografie is die duidelik herkenbare onderwerp nie noodwendig in fokus nie.
- Duidelik herkenbare onderwerp moet verkieslik uitstaan van die agtergrond.
- Die foto uit die ver verlede moet 'n storie vertel wat spanning en misterie wek. Let op na die oordra van emosie en atmosfeer.
- Beligting: Hierdie effek word verkry deur met lig en tekstuur te speel. Vir effektiewe beligting kan gebruik gemaak word van 'n enkel, losstaande, kleinerige ligbron, wat goed geplaas is.
- Die gevoel van 'n ou foto vol misterie word vasgevang met diep skadu's, wat op onderwerp vorm, as gevolg van die posisie van die onderwerp wat soekend is na lig.

**Aanbieding:**

- Meld handelsnaam van kamera, lens en ligbron agter op die montering.
- Bied aan in 'n plastiek koevert wat as volg gemerk is: FOTOGRAFIE, naam, tak, area en provinsie.
- Heg ook kaartjie aan agterkant van montering met 'n hekeldraad wat lank genoeg is.